# HOOFSTUK SES.

## BESONDERE METODES VAN STILLEESONDERRIG.

### A. Meting.

In die vorige hoofstukke is reeds gewys op sekere hulpmiddels by die onderrig van stillees, nl. die onderrig van taal- en stelwerk, die taalskatbussie, die spreekles, die voordragles, die onderrig van spelling, die skoolbiblioteek, luisteroefeninge en sekere meganiese hulpmiddels. Sekere algemene metodes van stilleesonderrig is ook bespreek en daar is gewys op die moontlike diagnostiese en remediërende waarde van oefeninge vir die oogbewegings, die flitskaart, indeling in sinsnedes, dramatisering van verhale, oorsigtelikles en frasejag.

Hierdie hulpmiddels en metodes mag meehelp om die meganisme van lees te ontwikkel en die leesbegrip te bevorder. Dit is wenslik om egter van tyd tot tyd verslag te doen van die vordering wat die leerlinge maak. Daarom moet daar gemeet word. Meting is egter maar 'n middel tot 'n doel en geen doel op sigself nie. Deur te dikwels te meet, bestaan die gevaar dat die einddoel uit die oog verloor word en alle aandag toegespits word op die metingsapparaat, die metingsproses en die resultaat van die meting.

Meganiese apparaat vir die meting van leestempo is uit die aard van hulle gebruik en die koste daaraan verbonde, buite die bereik van die gewone skool. In Afrikaans kan die onderwyser aan die primêre skool tans nog nie van geykte toetse gebruik maak nie, omdat die beperkte aantal stilleestoetse nie vir gewone klasgebruik bestem is nie, maar slegs vir verslagdoeleindes op die leerlinge se verslagkaarte.

By die meting van stilleesbekwaamheid word veral gelet op leestempo en leesbegrip. Hierdie twee aspekte van die meting sal in die volgende hoofstuk nader bespreek word. In hierdie afdeling word veral gewys op die verskillende soorte toetse wat gebruik kan word. Die resultate van sulke meting soos hier beskryf sal word, sal nie almal statisties betroubaar wees nie en sal dus nie vir navorsingsdoeleindes betroubare resultate lewer. Hierdie soort meting sal egter nuttige informasie verskaf omtrent die prestasievermoë van die leerlinge. Die resultate sal dus meer diagnostiese en minder prognostiese waarde hê.

1. Die meting van tempo.


By die meting van leestempo kan veral twee soorte toetse gebruik word, nl. die ongekontroleerde en die gekontroleerde meting.

a. Die Ongekontroleerde meting.

By hierdie soort toetse is daar geen objektiewe maatstaf om vas te stel of die leerlinge wel alles gelees het wat hulle voorgee om te gelees het.

Vooraf word vasgestel hoeveel woorde daar in elke leesstuk is. 'n Eenvoudige grafiese voorstelling word dan opgestel vir die gegewe aantal woorde .

DIAGRAM VIR DIE AFLEES VAN DIE LEESTEMPO VIR 'N LEESSTUK BESTAANDE UIT TWEEHONDERD WOORDE.



Nadat die leerlinge die leesstuk bestaande uit tweehonderd woorde ontvang het, begin hulle op 'n gegewe teken te lees. Sodra 'n leerling klaar gelees het, word sy leestyd aangeteken. Van die grafiese voorstelling kan die leestempo dan gemaklik as soveel woorde per minuut afgelees word. Voorbeeld: Leerling A het die leesstuk in twee minute gelees. Sy leesspoed is 100 woorde per minuut. Leerling B het die leesstuk in 84 sekondes gelees. Haar leesspoed is ± 140 woorde per minuut.

Aangesien daar by ongekontroleerde meting geen objektiewe kontrole is dat die leerlinge wel al die woorde gelees het nie, mag dit gebeur dat sommige leerlinge sekere gedeeltes oorsigtelik lees of selfs heeltemal oorslaan. Sodoende is die leestyd baie korter en die leesspoed hoër. Die resultate sal dus waarskynlik nie 'n betroubare weergawe van die leerlinge se leestempo wees nie. Die resultate van so 'n meting moet dus as statisties onbetroubaar beskou word, hoewel dit waardevolle inligting vir die klasonderwyser sal wees.

b. <u>Gekontroleerde meting.</u>

Kontrole kan by hierdie soort meting op twee verskillende maniere uitgeoefen word, nl.:

i. Dieselfde prosedure van toetsing as by ongekontroleerde meting kan gevolg word. Deur middel van vrae wat òf mondeling òf skriftelik beantwoord moet word, word gekontroleer of die leerlinge wel die hele stuk gelees het. Die voordeel is dat leerlinge, indien hulle bewus is van die kontrolevrae wat sal volg, werklik die hele stuk sal lees en nie gedeeltes sal oorslaan nie.

ii. 'n Betroubaarder spoedtoets is die volgende: Die leesstuk word so opgestel dat daar na 'n sekere aantal woorde 'n vier- of vyftal woorde tussen hakies gegee word, waarvan eèn in die betrokke sin pas. Die woord wat pas, moet

dan deur die leerlinge onderstreep word.

Voorbeeld: „Die kinders is baie bly. Dit is more vakansie en dan gaan hulle see toe. Pa het die motor mooi (vuil, blink, groot, seer ) gemaak en Ma het al die goed ingepak. Hulle kan nie meer wag dat dit (gister, more, aand, nag) moet word nie. Jan moet vir Ma help, maar Griet gaan vroeg bed toe en gou-gou is sy aan die slaap. Sy (sien, hoor, dink, droom) hulle is al by die see en speel lekker in die water. Dit is tog te lekker. Die golwe lig haar tot hoog bokant die (huis, see, bed, vloer) op.

Hoewel die woorde tussen hakies ietwat hinderlik is, het hierdie metode tog die voordeel dat die kind die betrokke sinne werklik moet lees ten einde te weet watter woorde om te onderstreep. Die leerlinge ontvang slegs krediet vir die woorde wat reg onderstreep is. By 'n geykte toets het hierdie roupunte, volgens 'n noukeurig uitgewerkte skaal, sekere skaalwaardes wat volgens statistiese metodes bereken word. Die resultate van hierdie tipe tempotoets is meer betroubaar as die resultate van die vorige twee soorte meting.

2. Die meting van leesbegrip.

Leesbegrip is die herkenning van woorde, sinne, frases, paragrawe, feite en beeldspraak, die refleksiewe organisering van die verstrekte feite rondom die sentrale gedagte en 'n kritiese waardebepaling van die gevolgtrekkings en die estetiese skoonhede van 'n letterkundige skepping.

Van die primêre skoolleerling kan egter nie verwag word om byvoorbeeld 'n kritiese waardebepaling van die gevolgtrekkings van 'n verslag te gee nie. Ons kan hoogstens verwag dat die leerlinge die gebruikte woorde sal verstaan. By prosa word gewoonlik verwag dat die leerlinge die taal moet verstaan, en in staat moet wees

om die inhoud te reproduseer en eenvoudige afleidings uit die feite te maak.

Begripstoetse bestaan dan ook gewoonlik uit woordeskat-, sin- en paragraaftoetse.

a. Voorbeeld van woordeskattoets vir standerds een tot drie.[1]

i. 'n Mens sny met 'n ... (a) tou... (b) mes. .......
(c) bank........(d) vurk. ..................( )-

ii. Sterf beteken ...... (a) loop .... (b) weggaan.
(c) probeer .... (d) doodgaan ................( )

Die letter voor die korrekte betekenis word tussen die hakies geskryf.

b. Voorbeeld van 'n sintoets vir standerds een tot drie.[2]

i. Die son skyn vandag lekker.
Vandag is 'n ......... dag.
(a) warm (b) koue (c) winderige (d) bewolkte..( )

ii. Jan voel vandag te sleg om skool toe te gaan.
Jan kan nie skool toe gaan nie, omdat hy ....
(a) lui is. (b) te veel werk het. (c) nog vaak is
(d) siek is...................................( )

c. Voorbeeld van 'n paragraaftoets, standers een tot drie.[3]

Jan en San is op die plaas. Hul ry op Poon se rug. Poon is 'n mak perd. Jan en San val nie af nie.

i. Die perd se naam is .... (a) Bles, (b) Prins,
(c) Poon, (d) Kol..........................( )

ii. Waar is Jan en San? ....(a) huis, (b) tuin,
(c) skool, (d) plaas.....................( )

1. Stilleestoets, Woordeskat, st. I, II en III, Vorm B, voorbeeld, Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, 1947-8, bl. 1.
2. Stilleestoets, Sinne, St. I - III, Vorm B, vooroefeninge, Nasionale Buro vir Opv. en Maatskaplike Navorsing, 1947-8.
3. Stilleestoets, paragrawe, St. I - III, voorbeelde, Buro vir Opv. en Maatskaplike Navorsing, 1947-8, bl. 3.

Verdere voorbeelde van woordeskat-, sin- en paragraaftoetse vir die senior standerds aan die laerskool, word in die volgende hoofstuk bespreek. Hierdie toetse is gebruik vir metingsdoeleindes in hierdie navorsing. 'n Volledige stel toetse word ook in die bylae gevind.

B. <u>Besondere metodes van stilleesonderrig.</u>

I. <u>Besondere metodes geskik vir standerds een en twee.</u>

a. <u>Algemene vereistes vir hierdie ouderdomsgroep.</u>

Die gemiddelde ouderdom van standerd eenleerlinge in Transvaal was in 1948 8.80 jaar, terwyl die standerd twee-leerlinge gemiddeld 9.84 jaar oud was. Aangesien leerlinge sedert die verslag van 1948 op vyfjarige ouderdom op skool toegelaat word, sal die gemiddelde ouderdom tans heelwat laer wees.

Leerlinge van hierdie ouderdom stel belang in verbeeldingryke verhale wat betrekking het op die werklike lewe. Veral word op hierdie ouderdom in die lewenswyse van ander kinders veral in ander lande, belang gestel. Die waarnemingsvermoë van kinders in hierdie standerds het al die relasie- en hoedanigheidstadium bereik en hoewel die denke nog grotendeels konkreetgebonde is, staan hulle aan die vooraand van 'n baie belangrike ontwikkeling in die denke. Daar sal 'n geleidelike strewe tot werklikheidsbelewing wees. Die kind sal die buitewêreld nie meer passief aanvaar nie, want die fantasie-voorstellingswêreld is besig om te verdwyn en in die plek daarvan kom 'n meer realistiese instelling op die gebeurtenisse buite hom of haar.

Wat die leesontwikkeling betref, het die leerlinge nog maar pas die stadium van aanvangsleesonderrig agter die rug. Daarom is die leesvermoë baie beperk en in baie gevalle sal hardoplees nog sneller as stillees geskied.

Kinders in hierdie ouderdomsgroep sal veral met die volgende moeilikhede te kampe hê, veral wanneer hulle in die kulturele vakke begin lees: [4]

i. Woorde: (a) woorde wat heeltemal onbekend is.

(b) Woorde wat bekend is maar in 'n nuwe betekenis gebruik word, bv. die kind ken die woord „saal" vir iets waarop hy sit. Nou hoor hy die woord „saal" as van die skoolsaal gepraat word.

(c) Figuurlike gebruik van woorde, bv. „die regering sit stewig in die saal".

(d) Abstrakte woorde, waarvan die kind geen ervaring gehad het nie en alleen maar 'n vae besef het wat die woord kan beteken.

ii. Sinne: Moeilike sinne veral samegestelde sinne met bywoordelike en byvoeglike bysinne.

Kinders sal nou moet leer dat woorde 'n letterlike en 'n figuurlike betekenis het. Waarneming en illustrasies sal moet meehelp om die begrippe helderder te maak. Besprekings en verduidelikings moet eenvoudig wees en leerlinge moet veral aangemoedig word om vrae te vra oor dinge wat hulle nie verstaan nie.

b. Luisteroefeninge.

In hierdie stadium van hulle ontwikkeling sal leerlinge beter verstaan wat hulle hoor as wat hulle self lees. Die onderwyser moet dus van luisteroefeninge gebruik maak, aangesien die leesbegrip van leerlinge in hierdie stadium dikwels ly as gevolg van gebrekkige begrip van woorde en moeilike sinne.

4. Gray, W.S.(editor): „Improving Reading in All Curriculum Areas", ble. 84 - 88.

i. Metode 1: Mondelinge reproduksie.

Die onderwyser lees 'n verhaaltjie van ongeveer tweehonderd woorde aan die leerlinge voor. Leerlinge word gevra om die hoofpunte van die verhaal weer te gee. Dring daarop aan dat geen volledige verslag gegee word nie, maar alleen die belangrikste punte. Indien die leerlinge nie die belangrikste punte gesnap het nie, kan hulle deur suggestiewe vrae gelei word.

Voorbeeld: Bam, die Dwergie.

(Uit: Die Silwerboomreeks, st.I, Nas. Boekhandel.)

„Bam is 'n dwergie. Hy woon in 'n boomstam diep in die bos. Hy woon daar alleen. As mens by Bam gaan kuier, moet jy na die grootste boom in die bos soek. Daar is 'n houtdeurtjie en as mens goed kyk, is daar ook 'n klein, rooi klokkie. Meneer Muis het op 'n dag by Bam gaan kuier. Hy het die rooi klokkie gelui en Bam het oopgemaak. Toe het Bam vir hom sy mooi huisie gewys.

Daar was 'n klein tafeltjie en twee stoeltjies. Alles was tog te mooi rooi geverf. Daar was klein koppies en pierings. Die breekgoed was wit met rooi randjies.

En wat dink julle het Muis weer vir Bam gewys? Twee klein tandjies. Bam was baie bly. Hy het gou sy beursie gaan haal en vir Muis betaal. Muis ruil die tandjies van die kinders vir trippense om aan Bam te verkoop. Maar die Bam is slim. Hy wil vir niemand sê wat hy met die tandjies maak nie. Muis het al gevra. Mevrou Muis het al gevra, en die tien klein muisies het al gevra, maar niemand kon nog ooit uitvind wat Bam met die wit tandjies doen nie."

Vrae: Wie was Bam? Waar het hy gewoon? Hoe lyk sy huisie? Hoe lyk sy meubels? Watter kleur sal jy die meeste daar in Bam se huisie sien?

Na sulke inhoudsvrae kan 'n verbeeldingsvraag soos die volgende gestel word: „Wat dink jy het Bam met die

tandjies gedoen?"

ii. Metode 2: Soek die woord.

Maak seker dat leerlinge die betekenis van woorde soos dwergie, breekgoed en meubels, verstaan.

Lees 'n sin uit die storie van Bam voor, maar laat een sleutelwoord uit. Die leerlinge moet nou die vermiste woord soek.

Voorbeelde: „Bam is 'n ———. Maar Bam is tog ———. Hy wil vir ——— sê wat hy met die ——— maak nie".

iii. Metode 3. Span reg in.

Gee die volgende sin op 'n flitskaart. Die leerlinge moet die woorde hardop lees en dan die woorde reg inspan.

„diep woon boomstam bos in die in 'n hy."

„die met was rooi breekgoed rantjies wit".

c. Spoedoefeninge.

i. Metode 4. Reisies-lees.

Gee aan elke leerling 'n leesstukkie van minstens honderd woorde. Laat die leerlinge gelyk begin lees en hou noukeurig verslag van die leestyd van elke leerling. Sodra 'n leerling klaar gelees het, steek hy sy hand op. Die leestempo kan nou bepaal word soos reeds verduidelik.

ii. Metode 5. Flitskaarte: Vinnig lees en doen.

Die onderwyseres maak flitskaarte vir soveel moontlike bevele, bv. „Stuur julle skryfboeke in!" òf „Haal julle leesboeke uit !"

In plaas van mondelinge bevele word die bevele geflits en die leerlinge kompeteer om te sien watter groep of ry die bevel eerste uitgevoer het.

iii. Metode 6. Waar-vals.

Flitskaarte bevattende sinne waarop daar 'n ware of onware bewering gedoen word, word aan die leerlinge geflits. As die bewering waar is, steek hulle die

wysvinger op, maar as dit vals is, word die duime opgesteek.

Voorbeelde: Vandag is Maandag. Gister was Dinsdag. My pa is 'n vrou. My oom se dogter is my niggie.

iv. Metode 7. Soek die woord.

Aan elke leerling word 'n sekere leesstuk gegee. Sodra die leerlinge dit stil deurgelees het, word aan hulle 'n woord wat in die betrokke stuk voorkom, geflits en hulle moet dit dadelik soek. Die leerling wat die woord eerste kry, mag die hele sin waarin dit voorkom, voorlees.

d. Begripsoefeninge.

i. Metode 8. Span reg in.

'n Aantal sinne, genoeg om aan elke leerling twee te gee, word op stywe karton getik, geskryf of gedruk. Daarna word die sinne opgesny sodat op elke stukkie net een woord staan. Die afsonderlike woorde word nou saam in 'n koevert geplaas. Die leerlinge moet die sin saamstel uit die woorde in die koevert.

ii. Metode 9. Sinreisies.

'n Aantal naamwoorde, werkwoorde, lidwoorde, byvoeglike naamwoorde en bywoorde word op los stukkies papier getik en in 'n koevert geplaas. Elke leerling ontvang so 'n koevert. Die klas kan nou in groepe verdeel word. Op 'n gegewe teken begin hulle sinne saamstel uit die woorde in hulle koeverte. Sodra 'n sin saamgestel is, word dit op 'n vel papier geskryf, en kan dieselfde woorde weer vir ander sinne gebruik word. 'n Minimum van vier woorde per sin moet vereis word. Aan die van die leesperiode word die aantal korrekte sinne getel om vas te stel watter groep die meeste sinne gemaak het.

iii. Metode 10. Raai-raai.

Leeskaarte bevattende 'n beskrywing van sekere bekende voorwerpe word aan die leerlinge geflits.

Voorbeelde: Ek het vier pote. Jy sit elke dag op my. Wat is ek? Ek is soos water. In die skool is ek onmisbaar, hoewel jy dikwels jou vingers met my bemors. Wat is ek?

iv. Metode 11. Soek die fout.

Leeskaarte met enkelvoudige sinne waarin een of ander fout gemaak is, word aan die leerlinge geflits. Hulle moet die fout daarin soek en sê waarom die betrokke sin verkeerd is.

Voorbeelde: Tien en agt is sewentien.
My sit op die hoek van 'n ronde tafel.
Laas nag het die son helder geskyn.
My oorlede oupa kom vandag vir ons kuier.

e. Waarderend lees.

Hoewel meeste van die leerlinge op hierdie ouderdom nog nie ryp is om die skoonheid van taal te waardeer nie, is dit nog nie te vroeg om 'n begin te maak met oefeninge waarin die leerlinge se taalgevoel opgewek word nie.

i. Metode 12. Wat is mooi?

Leerlinge word gevra om in hulle klasleesboeke en stilleesboeke mooi woorde, uitdrukkings en idiome aan te teken. Hierdie „blommetjies" kan dan aan die klas voorgelees word.

ii. Metode 13. Sê dit mooier.

Hierdie oefening kan met die spreekoefeninge gekorreleer word. Leerlinge lees 'n sinnetjie uit 'n verhaal voor en probeer om daardie sinnetjie in mooier taal uit te druk. Dit is twyfelagtig of dit altyd vir leerlinge moontlik sal wees om op hierdie ouderdom goeie kinderlektuur in beter taal weer te gee. Al sou hulle ook nie daarin slaag nie, sal hierdie metode tog

die voordeel inhou dat dit die leerlinge se taalgevoel verskerp en hulle aandag vestig op wat mooi is in die woordgebruik en sinskonstruksie van hulle leesstof.

f. Ongekontroleerde lees.

Leerlinge in standerds een en twee is lief vir lees, aangesien dit vir hulle 'n nuwe ervaring is om self 'n boek tuis te lees.

Dis is egter noodsaaklik dat die klasonderwyser met die inhoud van die boekies waarvan sy klas gebruik maak, bekend moet wees.

Dit is 'n bekende feit dat sommige kinders biblioteekboeke uitneem en slegs na die illustrasies kyk. Stillees tuis moet egter gekontroleer word. Dit beteken nie dat die leerlinge oor die inhoud van die boeke ondervra moet word nie. Die klasonderwyser hou slegs 'n verslag van die boeke deur leerlinge uitgeneem. Gedurende die spreeklesse word leerlinge aangemoedig om te vertel wat hulle gelees het. Dis bekend dat leerlinge in hierdie ouderdomsgroep lief is om stories te vertel. Van hierdie voorliefde kan nuttige gebruik gemaak word om te kontroleer watter leerlinge werklik lees en watter nie.

Aangesien baie van hierdie leerlinge se luisterbegrip beter is as hulle leesbegrip, moet aan goeie lesers uit die klas, geleentheid gegee word om stories aan hulle klasmaats voor te lees. Kinders in hierdie ouderdomsgroep lees graag 'n boek waarvan hulle die storie ken.

Gedurende die stilleesperiode kan die onderwyser kinders noukeurig dophou om gevalle van fluisterlees op te spoor.

Enkele jare gelede was die Afrikaanse kinderlektuur betreklik arm vir kinders van hierdie ouderdomsgroep. Gelukkig is daar danksy talle oorspronklike verhale en vertalings 'n redelike aantal boeke beskikbaar.

## 2. Besondere metodes geskik vir standerds drie en vier.

### a. Algemene vereistes.

Die gemiddelde ouderdom van leerlinge in hierdie twee standerds sal tussen nege en elf jaar wees.

Die onmiddellike doelstelling van leesonderrig behoort nou bereik te wees, aangesien die meganiese proses byna die peil van volwassenheid bereik het. Die waarnemingsvermoë van die leerlinge is nou in die baie belangrike hoedanigheidstadium. Die denkontwikkeling vind snel plaas en die leerlinge toon tekens van logiese denke. Dit is ook die oorgangstadium vanaf die aanskoulike en konkrete na onaanskoulike en abstrakte denke. Die leerlinge toon meer en meer tekens van skematiese denkverloop en in enkele gevalle ook tekens van abstrakte, diskursiewe denke. Aangesien taal 'n baie belangrike rol in die skematiese en abstraksie-prosesse speel, moet die taalontwikkeling en taalbeheer van die leerlinge in hierdie stadium ook snel plaasvind om tred te hou met die denkontwikkeling.

Hoewel die meeste negejariges in hulle leesbelangstelling weinig geslagsverskille toon, sal die verskille meer merkbaar word gedurende hierdie standerds. Die seuns begin meer belangstel in avontuurverhale, terwyl die meisies meer belangstel in eenvoudige liefdesverhale waarin daar 'n liefdesband tussen meisies is. Kinderboeke, soos die Trompie- en Saartjie Baumannreekse, word gretig deur hierdie groep gelees. Die meer ontwikkelde leerlinge van hierdie groep sal egter meer belangstel in die wye wêreld en reisbeskrywings van 'n avontuurlike aard sal groot byval vind.

Gedurende hierdie fase moet die klem op begripslees val en die leerlinge moet alle geleentheid gebied word en aangemoedig word om wyd en baie te lees. Dit is wenslik dat die klasbiblioteek voorsiening maak vir

verskillende belangstellingsrigtings en dit moet 'n verskeidenheid boeke bevat wat wissel van maklik tot moeilik.

b. Luisteroefeninge.

Luisteroefeninge behoort in hierdie standerds nog aandag te geniet, omdat daar nog leerlinge sal wees wat beter sal verstaan wanneer hulle luister as wanneer hulle self lees.

i. Metode 1. Soek die vermiste woord.

Lees 'n paragraaf van ongeveer honderd woorde aan die leerlinge voor. Herhaal die paragraaf, maar laat sekere woorde uit. Die leerlinge word gevra om die woorde wat uitgelaat is, te verskaf.

ii. Metode 2. Soek die sinoniem.

Vooraf word die betekenisse van 'n paar woorde uit 'n paragraaf aan die leerlinge gegee. By die voorlesing van die paragraaf moet die leerlinge die sinonieme verstrek.

Voorbeeld: Soek die woord wat beteken : „net effens".

„Daar hoor hy weer die stemmetjie. Nou word hy baie onrustig en staan op. Hy maak die deur op 'n skrefie oop en luister in die nag in; maar daar is niks behalwe die wind en die sneeu wat in die kamer inwarrel nie".

iii. Metode 3. Soek die antoniem.

Aan die leerlinge word 'n sin voorgelees en dan word verlang dat hulle 'n sekere woord deur 'n antoniem moet vervang. Die metode kan afgewissel word deur vooraf die antoniem te gee, en hulle dan te versoek om die woord wat die teenoorgestelde betekenis het, te soek.

Voorbeeld: „Vervang die woorde „dag" en „donker" deur antonieme . „Hulle het die hele dag deur die woud geloop en toe dit donker word, gaan hulle sit om te rus."

iv. Metode 4. Idiomatiese uitdrukkings.

Leerlinge word spesiaal gevra om in hulle leeslesse op te let na sekere uitdrukkings en idiome. By die voorlesing van stories moet hulle luister of daar sulke idiomatiese uitdrukkings gebruik word en wat hulle betekenis is. Deur idiome te rangskik volgens onderwerp, bv. idiome oor „os", „kop", ens., kan leerlinge lyste van idiome opstel wat later weer gedurende spreeklesse gebruik kan word.

v. Metode 5. Soek die hoofgedagte.

Lees 'n paragraaf aan die leerlinge voor en vra hulle om die hoofgedagte van die paragraaf weer te gee. 'n Goeie toets is om die leerlinge te versoek om 'n gepaste opskrif vir 'n paragraaf te gee.

Voorbeeld: „ Baie jare gelede het daar in Groenland 'n baie nukkerige ou Eskimo gebly. Sy humeur was so kort en hy was so 'n ou suurknol dat hy altyd onvriendelik en ongeduldig was. Hy het niks van mense gehou nie. en die minste van almal van kinders. Hy kon nie verdra dat kinders naby hom speel nie en as hulle lag, het hy altyd sy sweep geneem en hulle uitmekaar gejaag."

c. Spoedoefeninge.

i. Metode 6. Flitskaartbevele.

Gedurende die skooldag moet die onderwyser dikwels bevele gee. Instede van mondelinge bevele, kan flitskaarte gemaak word waarop bevele soos die volgende verskyn: „Almal moet dadelik hulle leesboeke uithaal !" „Meisies staan! Gaan na die speelgronde vir liggaamsoefeninge!"

ii. Metode 7. Skriftelike bevele.

Elke leerling ontvang 'n kaart van ongeveer poskaartgrootte, waarop 'n bevel getik is. Die poskaart word onderstebo op die lessenaar geplaas. Elke leerling

kry 'n kans om die kaart om te draai en die bevel so gou moontlik uit te voer.

Voorbeelde: „Gaan na die kas toe en haal die boek aan die linkerkant op die tweede rak uit en sit dit op die tafel neer."

„Gaan na die deur toe, trek die sleutel uit die slot en sit dit in die tafel se laai!"

iii. Metode 8. Leesreisies.

Gee aan elke leerling 'n afskrif van een of ander verhaal. Laat almal gelyk begin lees aan dieselfde verhaal. Na 'n minuut word hulle gevra om op te hou lees en 'n strepie te trek na die laaste woord wat hulle gelees het. Die verhaal word dan verder klaar gelees en later tel elke leerling die aantal woorde wat hy gedurende die eerste minuut gelees het.

Die metode kan afgewissel word deur vooraf die aantal woorde in die hele verhaal te tel of te bereken. Die totale leestyd van elke leerling word aangeteken en daarna word die leestempo bereken.

d. Begripsoefeninge.

In standerd drie word nou 'n aanvang gemaak met doelbewuste begripsoefeninge. Die oefeninge word aan die begin maklik gemaak en gegradeer sodat dit geleidelik moeiliker word. Dit is noodsaaklik dat hierdie oefeninge vooraf beplan en uitgewerk word. Voorbeelde van sulke oefeninge en die metode van toepassing word in die volgende twaalf metodes beskryf.

i. Metode 9. Woordbegrip.

Elke leerling ontvang 'n blad papier waarop 'n aantal kort paragrafies oor algemene onderwerpe verskyn. Die leerlinge word versoek om die paragrafies stil deur te lees. Daarna word verduidelikings van woorde gevra.

Voorbeeld: „Daar is party plante wat liewer vleis eet. Die blomme van sulke plante is soos diep kelke. Sommige het selfs 'n deksel op. Die blomme het pragtige kleure of ruik lekker om die klein insekte aan te lok. Die dom vliegie wat daar gaan stroop soek, kom nie weer uit nie. Hy gly vinnig tot onder in die kelk waar daar gewoonlik 'n bietjie water is. Hierin verdrink hy, of hy sit vas onder omdat dit so taai daar is. As hy miskien spartel en probeer uitklim, hou 'n klomp skerp steekhaartjies hom terug. Hy verdrink, of vergaan van honger en verteer onder in die blom".

(Uit: „Sprokies en ander Stories", Silwerboomreeks, st.3, Nasionale Boekhandel Beperk, 1951.)

Vrae: Verduidelik wat die volgende woorde beteken: kelke, lok, stroop, taai, en spartel.

Gee ander woorde vir: vergaan van honger, verteer, diep kelke, ens.

Wat is die teenoorgesteldes van: „dom" vliegie, „diep" kelke, ens.

Leerlinge kan hierdie vrae beantwoord deur illustrasies te maak, of mondelinge of skriftelike verduidelikings te gee. Indien die leerlinge nie die betekenisse kan gee nie, en dit blyk dat hulle 'n sekere betekenis nie ken nie, is dit wenslik dat die betrokke sin weer stil oorgelees word. Indien die onderwyser of 'n leerling die betrokke sin hardop voorlees, sal sommige leerlinge dit beter verstaan, aangesien veral by die swakker lesers gehoorbegrip beter as die leesbegrip sal wees. Die betekenis van woorde word teleologies en nie leksografies gegee nie.

Korrekte begripsvorming hang nou saam met die betekenis van woorde. Die onderwyser in Natuurstudie sal baie tyd verspil indien terme soos „verdamping",

„kondensasie" en „filtrasie" gebruik gemaak word en die leerlinge nie 'n duidelike begrip van die betekenis van hierdie terme het nie.

ii. Metode 10. Inhoudsvrae.

Wanneer leerlinge 'n leesstuk gelees het, moet gekontroleer word of hulle wel die inhoud van die geheel verstaan. Daarom word die leerlinge gevra om in hulle eie woorde die inhoud van die stuk weer te gee. Indien dit te moeilik is, kan die leerlinge deur suggestiewe vrae gelei word. Daar moet egter nie op 'n volledige weergawe aangedring word nie, alleen die hoofpunte moet onthou word. Voorbeelde van sulke vrae, gebaseer op die leesstuk in die vorige paragraaf, is die volgende:

Is daar vleisetende plante? Hoe lyk die blomme van sulke plante? Wat gaan die insek onder in die kelk soek? Waarom kan die insek nie weer uitkom nie? Wat word dan van die insek?

iii. Metode 11. Vra is vry.

Leerlinge geniet dit om aan hulle onderwyser strikvrae te vra. Laat hulle vrae aan die onderwyser stel oor die inhoud van 'n paragraaf. Om 'n deeglike vraag te vra, moet die leerlinge self met die inhoud van die paragraaf bekend wees. Die aard van die vrae sal openbaar wat die begripsvermoë van die vraesteller is.

iv. Metode 12. Spelspeletjie.

Die klas word in twee of meer groepe verdeel. Solank die een groep vrae stel, mag die ander groep die leesstuk voor hulle hou. Aan die groep word net 'n bepaalde tyd gegee om die woord te spel. Dit stel hulle in staat om die woord te soek en te spel.

v. Metode 13. Raai-raai die woord.

Leerlinge gee 'n teleologiese betekenis

van 'n woord en die ander moet raai wat die woord is.

Byvoorbeeld: „Dis van staal gemaak. Jy gebruik dit baie in die tuin om die grond los te kry. Wat is dit?"

vi. Metode 14. Los die probleem op.

In hierdie standerds kry die leerlinge baie probleme in Rekenkunde. Baie leerlinge vind dit moeilik om die probleem te verstaan, omdat hulle nie die rekenkundige taal verstaan nie. 'n Aantal probleme met meganiese bewerkings wat gemaklik hoofrekene gedoen kan word, word aan die leerlinge gegee. Voordat hulle die antwoord gee, word eers gevra: „Watter gegewens word gegee? Waarin moet die antwoord wees? (geld, lengtemate, of 'n ander benoemde hoeveelheid). Watter hoofbewerking moet gebruik word? Wat is die antwoord?"

vii. Metode 15. Wat is onsinnig?

By hierdie soort oefening word heelwat denke vereis, veral as die sinne met sorg opgestel word. Die leerlinge moet die sin of sinne stil lees en vasstel watter woord of woorde nie by die betekenis van die geheel pas nie. Elke antwoord moet gemotiveer word.

Voorbeeld: „Jannie het opgewonde by die huis aangekom en aan sy pa vertel dat die kinders binnekort gaan leer swem. Hy vra daarom 'n baaikostuum om ook te leer swem. 'Kyk, Jannie,' antwoord sy pa, 'sê aan jou onderwyser dat ek baie graag wil hê jy moet leer swem, maar ek is bang jy sal verdrink. Sodra jy eers kan swem, mag jy maar saam met die ander kinders in die water gaan.'

viii. Metode 16. Span reg in.

Dit gebeur dikwels dat leerlinge moeilikheid ondervind met die plasing van die byvoeglike bysin. Hierdie oefening bestaan daarin dat die bysin op die verkeerde plek staan en dus op die regte plek gelees

moet word. Leerlinge moet die verskil in betekenis verduidelik.

Voorbeeld: „Die lente is weer op hande wat lieflike blomme bring".

„Die naturel het gister die perd te laat voer gegee wat ons verlede week gehuur het".

„Weens hulle ouderdom is die bome langs ons huis wat deur my Oupa geplant is 'n gevaar en moet afgekap word".

ix. Metode 17. Omskryf die betekenis van die sin volledig.

Leerlinge word gevra om die betekenis van 'n samegstelde sin so volledig moontlik in hulle eie woorde weer te gee.

Voorbeelde: Gee die betekenis van die volgende sinne weer:

„Papier is vandag peperduur en daarom word leerlinge gevra om nie onnodig papier te verkwis nie".

„Die torpedojaer, Jan van Riebeeck, Suid-Afrika se pronkskip, wieg ritmies op die deining van die see terwyl dit vinnig deur die spieëlgladde see klief".

x. Metode 18. Gee die spreekwoord.

Die onderwyser beskryf sekere omstandighede en versoek die leerlinge om 'n gepaste spreekwoord te verskaf. Indien die leerlinge dit moeilik vind, kan die sleutelwoord verskaf word.

Voorbeeld: „Jannie kom baie laat by die klas aan. Die klok het al 'n geruime tyd gelede gelui en sy klasmaats is al besig met werk. Wat sal meneer vir hom sê? "

( Sleutelwoord: agteros.)

xi. Metode 19. Beantwoord die vrae.

Elke leerling ontvang 'n aantal paragrawe om stil deur te lees. Nadat genoeg tyd daarvoor toegelaat is, word die leesstukke omgekeer en word inhoudsvrae, verbeeldingsvrae en denkvrae aan die leerlinge

gestel.

Voorbeeld: „Agter geslote deure in 'n gebou, wat omring is van hoë mure, bedek met bottelstukke, is 'n aantal van Suid-Afrika se hoogs besoldigde ambagsmense besig om voorwerpe soos poeierdose, sigaretkokers, asbakkies ,.. koppies en ander artikels uit goud te vervaardig. Hierdie pragstukke uit goud mag alleen in die buiteland verkoop word om dollars vir Suid-Afrika te verdien."

Inhoudsvrae; i. Uit watter metaal word die pragstukke vervaardig?

ii. Noem 'n paar soorte pragstukke?

iii. Mag hierdie goedere in ons land verkoop word?

Verbeeldingsvrae: i. Hoe sal jy binne in daardie gebou kom?

ii. Wat sal jy maak as jy 'n goue koppie besit?

iii. Watter mense sal sulke pragstukke kan koop?

Denkvrae: i. Waarom werk hierdie manne agter geslote deure?

ii. Waarom is daar bottelstukke op die mure?

iii. Waarom moet hierdie goue goedere alleen vir dollars verkoop word?

xii. Metode 20. Span die sinne reg in.

'n Aantal sinne wat, indien hulle reg gelees word, 'n paragraaf sal vorm, word op los repies papier getik. Van die leerlinge word verwag om hierdie sinne in te span, sodat dit 'n paragraaf vorm.

Voorbeeld: „Napoleon Bonaparte, die beroemde Franse generaal, was baie bygelowig.
Uit dankbaarheid het hy dikwels aan mense wat hom 'n guns bewys het, 'n skarabee gegee.
Hy het altyd 'n skarabee, 'n soort kewer, aan sy baadjie gedra.

Hy het vas geglo dat die skarabee vir hom geluk sou bring. Sulke mense het nie altyd geglo dat die lelike insek geluk kan bring nie."

e. Waarderend lees.

Hierdie groep leerlinge behoort al taalskoonhede raak te sien en te waardeer. Leerlinge moet egter gelei word om 'n mooi beskrywing, 'n raak tipering, 'n metafoor en 'n mooi gedig te waardeer. Dit sal nie onvanpas wees nie om leerlinge te vra om verskille, soos hulle dit sien, tussen poësie en prosa aan te teken. Indien leerlinge ook 'n musiekopleiding ontvang wat daarop gemik is om hulle gevoel vir ritme aan te wakker, sal hulle dadelik die ritme van 'n gedig opmerk.

Die volgende metodes kan nuttig gebruik word.

i. Metode 21. Soek die rymwoord.

Leerlinge vind dit baie interessant om self te rym. Wanneer aan hulle verduidelik word watter metodes digters gebruik om die rym in 'n gedig reg te kry, sal hulle self probeer rympies maak.

'n Gedig word aan hulle voorgelê, waarin een of meer rymwoorde weggelaat is. Verskillende rymwoorde word nou opgenoem en daaruit word die mees gepaste woord gesoek. Die gekose woord word dan vergelyk met die rymwoord wat deur die digter self gebruik is.

Voorbeeld: Die Ysbeer. C. LOUIS LEIPOLDT.

„Waar teen die groen rotsblokke
Die groen seewater bruis,
Daar in die noordpool-wêreld
Het 'n wit ysbeer sy ......."

Die meer intelligente kinders kan selfs waag om limericks te voltooi.

ii. Metode 22. Wat is mooi in hierdie gedig?

Die onderwyser kies 'n aantal gedigte -- epiese gedigte is meer geskik vir hierdie doel-- en vra

die leerlinge om die gedig self te lees. Hulle word dan versoek om diè gedeeltes wat vir hulle die treffendste was, aan die klas voor te lees. Daarna lees die onderwyser self die gedig hardop voor. Veral moet daarna gestreef word om die atmosfeer wat eie is aan die gedig te skep en die ritmiese gedeeltes te beklemtoon. 'n Verduidelikende praatjie sal meehelp om 'n beter begrip van die gedig te laat posvat.

Voorbeelde van sulke gedigte waarin veral ritme en atmosfeer 'n rol speel, is A.G. Visser se „Die Ruiter van Skimmelperdpan" , en Eugene Marais se „Mabalel".

f. Lees vir ontspanning.

Die standerd drie- en vier-leerlinge openbaar 'n dors na kennis van die groot wêreld. Daarom stel hulle veral in gebeurtenisse van 'n avontuurlike aard en reisbeskrywings belang.

Indien die nodige motivering vir lees deur die onderwyser gegee is, kan diè groep ontwikkel tot ywerige lesers. Die individuele verskille by leerlinge van dieselfde geslag, sal miskien groter wees as die geslagsverskille in leesbelangstelling. Daarom dat die onderwyser by leerlinge van hierdie ouderdomsgroep 'n dubbele taak het, nl. om die nodige motivering vir lees te gee en om die geskikte leesmateriaal te verskaf. Dikwels is opgemerk dat juis leerlinge van hierdie groep belangstelling in lees verloor, miskien as gevolg van die kind se toenemende belangstelling in buitemuurse aktiwiteite . Leesbelangstelling moet dus by hierdie groep sorgvuldig opgewek, ontwikkel en gestimuleer word. Daarom dat kontrole van wat gelees is baie taktvol moet geskied en eerder moet dien om aan te moedig as om deur te veel kontrole belangstelling te smoor.

3. Besondere metodes geskik vir standerd vyf-leerlinge.

a. Algemene vereistes.

Die standerd vyf-leerling het in sy waarneming al die stadium van volwassenheid bereik. Liggaamlik staan die meisies aan die vooraand van die puberteit. Hierdie belangrike ontwikkelingstadium is nie net fisies van aard nie, want ook die psigiese ontwikkeling gaan 'n nuwe fase in. Geslagsverskille in leesbelangstelling is nou duidelik merkbaar.

Die denkontwikkeling van die twaalfjarige toon duidelike tekens van die vermoë tot abstraksie. Hoewel daar individuele gevalle mag wees wat vroeër ontwikkel het, vind die algemene oorgang vanaf skematiese tot abstrakte denke om en by die twaalfde lewensjaar plaas.[1] Hierdie oorgang vanaf skematiese tot abstrakte denke bring 'n groot behoefte aan taalkennis mee. Hoe groter die woordeskat van die leerlinge is, des te beter sal die abstraksieproses kan plaasvind. Om hierdie rede behoort die taalontwikkeling en veral die uitbreiding van die woordeskat nog veel aandag te geniet.

Stilleesoefeninge moet gedurende die vyfde standerd op begripsvorming toegespits word. Dit sal beteken dat die woordkennis en verbale redenering ontwikkel moet word. Leesoefeninge moet ten doel hê om die denkvermoë van die leerlinge te ontwikkel.

Aangesien die meganiese aspek van die leesvermoë al die stadium van volwassenheid bereik het, hoef daar nie meer veel aandag aan meganiese leesoefeninge

1. Groenewald, A.J.: „Die sielkundige grondslag en praktiese toepassing van Aanskouingsonderwys met spesiale verwysing na die onderwys van Natuurstudie", op. cit., bl. 355.

b. Begripsoefeninge.

i. Metode 1. Parafrase.

Aan die leerlinge word 'n leesstuk, bestaande uit enkele paragrawe , gegee om stil te lees. Nadat die stuk goed bestudeer is, word die leerlinge gevra om in hulle eie woorde die inhoud van die stuk weer te gee.

ii. Metode 2. Die Uittreksel.

Net soos by die voorgaande oefening moet die paragrawe noukeurig deurgelees word totdat die leerlinge ten volle met die inhoud vertroud is. Daarna word dit weer deurgelees en die hoofgedagtes word onderstreep. Hierdie hoofgedagtes word dan so saaklik moontlik weergegee sonder dat die leerlinge noodwendig hulle eie woorde hoef te gebruik. Hoe nader die sinsbou en woordgebruik aan die oorspronklike is, des te beter is die uittreksel. Vooraf kan bepaal word wat die lengte van die uittreksel moet wees. Die uittreksel word gewoonlik van 'n opskrif voorsien. Leerlinge wat dikwels koerante lees, sal hierdie oefening makliker begryp.

iii. Metode 3. Opsomming van 'n boek.

Van standerd vyf-leerlinge word verwag dat hulle in staat moet wees om 'n beknopte opsomming van 'n boek te maak. Die opsommings moet getuig dat die leerling wel die boek gelees het en die volgende besonderhede word vereis: titel van die boek, die naam van die skrywer, die tema van die boek en die kind se eie oordeel oor die boek.

iv. Metode 4. Telegramme.

Elke leerling ontvang 'n paragrafie waarin sekere omstandighede beskrywe of geskets word. Hulle word dan versoek om binne die bestek van 'n gegewe

aantal woorde die inhoud van die paragraaf in telegramstyl weer te gee.

v. Metode 5. Begripstoetse.

Gedurende die vorige standerds het die leerlinge al kennis gemaak met sekere vorme van begripstoetse. Begripstoetse bestaan gewoonlik uit woordeskat, sin- en paragraaftoetse. Die vorm van die vrae wissel heelwat. Die mees algemene vorm is die waarin uit 'n meervoudige keuse die korrekte antwoord onderstreep moet word. Die invul van 'n sleutelletter is egter makliker kontroleerbaar. Die toetse word dan nie bekrap nie en kan weer gebruik word.

Hier volg 'n voorbeeld van 'n paragraaftoets en die vrae daarop:

„Onderwyl ek al langs die rivier afgeloop het om 'n deurgaanplek te soek, het ek op 'n eilandjie in die middel van die stroom een van my skape sien wei. Die dier was skynbaar daarheen gelok deur die hoë groen gras, en hoe ek ook al geskreeu het, wou die skaap nie weer deurswem nie. Die water was sterk en diep en ek kon nie swem nie. Dus het ek allerhande planne beraam om die eiland te bereik. Eindelik het ek in 'n groot boom geklim en al met die takke langs geseil tot regoor die eiland en toe afgespring. Ek het die skaap gevang en in die water gegooi. Die dier het dadelik koers gevat en deurgeswem. Toe die skaap die oorkantste wal bereik, het ek omgedraai om terug te gaan soos ek gekom het, maar tot my ontsteltenis het ek ontdek dat die tak hoog bokant my bereik geswaai het. Wat nou gedaan?"

(a) Woordeskat.

Vul die letter wat voor die regte betekenis staan, tussen die hakies aan die regterkant in:

DADELIK beteken a. langsaam, b. baie later, c. die volgende dag, d. onmiddellik, e. 'n soort vrug. ( )

ONTDEK beteken a. ontmoet, b. koop, c. weghardloop, d. uitvind, e. 'n soort voël........( )

OORKANTSTE beteken a. aan hierdie kant, b. bo in die lug, c. op die grond, d. skielik, e. aan die ander kant....................................( )

GELOK beteken a. gelukkig, b. aangetrek deur, c. 'n boos, d. vinnig hardloop, e. 'n soort gras....( )

DEURGAANPLEK beteken a. 'n plek om te sit, b. 'n plek om te eet, c. 'n plek om deur te loop, d. 'n plek om oor te vlieg, e. 'n gang..............( )

(b) Uitdrukkings.

Sê in jou eie woorde wat die volgende uitdrukkings beteken.

PLANNE BERAAM beteken ..............................

KOERS GEVAT beteken ................................

TOT MY ONTSTELTENIS beteken.........................

BOKANT MY BEREIK beteken ...........................

WAT NOU GEDAAN.....................................

(c) Beantwoord die vrae so volledig moontlik:

Wanneer het hy die skaap gewaar? ......................

Waar was die eiland? ................................

Waarom het die skaap na die eiland geswem? .............

Hoekom moes die man dan langs die tak afseil? ..........

Hoe dink jy het hy weer deur die rivier gekom? ..........

vi. Metode 6. Waar-vals.

Hierdie oefening kan op die voorgaande paragraaf gebaseer word. Die onderwyser stel 'n aantal bewerings op en die leerlinge moet dit lees en as waar of vals bestempel.

Voorbeelde: Die man het deurgeswem. Die skaap het deurgeswem. Die man kon nie swem nie. Hy het in die water geval. Die skaap het droog deurgeloop na die eiland toe.

vii. Metode 7. Omskrywe die woord.

Aan die leerlinge word 'n lys woorde wat volgens moeilikheidsgraad gegradeer is, gegee. Hulle moet die betekenis van die woorde verskaf, hoewel 'n definisie nie noodwendig vereis word nie. Enige aanduiding dat die leerlinge die betekenis van die woord weet, of dat hulle dit reg kan gebruik, word aangeneem.

'n Voorbeeld van so 'n woordelys is die woordeskatlys, UE. 170 en 171, uitgawes van die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing. Elke lys bevat vyftig woorde. Die B-vorm van hierdie toets begin met die woorde „piesang, twaalfuur, uitskel," ens., en eindig met die woorde „wederregtelik, metatesis en sekwestreer."

c. Waarderend lees.

Dr. Leest[2] beklemtoon die gedagte dat nie alleen maklike leesstof aangebied moet word nie. Leesboeke wat alleen die omgangstaal bevat, is onvoldoende omdat sulke boeke die leerlinge rondvoer op terreine wat reeds bekend is. Hy ontken egter nie dat uit sulke boeke veel nuttigs geleer en beoefen kan word nie.

Leesboeke wat volgens die jongmense prettig en mooi is, d.w.s. wat hulle alreeds bewonder, hoef nie noodwendig die beste te wees nie en het ook geen aanmoediging nodig nie, omdat hulle dit reeds lees. Die kuns is, volgens Leest[3], juis om hulle boeke te leer lees wat baie goed is, maar op die oog af minder aantreklik lyk.

Die meeste leerlinge sal in hierdie stadium vir informasie en ontspanning lees. Leerlinge kan egter aangemoedig word om moeiliker werke van letterkundige waarde te lees. Indien die onderwyser aan die leerlinge die verhaal van 'n boek vertel, sal die leer-

2. Leest, J. : op. cit. bl. 19.
3. Leest, J.: loc. cit.

linge daarna so 'n boek graag lees. Standerd vyf-leerlinge het al na so 'n bespreking van „Ampie, die Natuurkind", die boek gelees en daarna verklaar dat hulle die boek baie geniet het.

Die waardering vir goeie poësie en prosa kan ontwikkel word deur die leerlinge te versoek om na aanleiding van 'n gedig , bv. „Oktobermaand", vir hulle 'n voorstelling van die landskap te maak. Of hulle kan gevra word om na aanleiding van bv. „Toiings", 'n skets van die persoon te maak.

C. Die gebruik van hierdie oefeninge.

In hierdie hoofstuk is die metingsapparaat vir stillees bespreek. Daar is op gewys in watter mate ongekontroleerde en gekontroleerde meting gebruik kan word.

Besondere metodes van stilleesonderrig vir die verskillende standerds is bespreek. Elke ouderdomsgroep openbaar, vanweë die besondere stadium van psigiese en taalontwikkeling wat die leerlinge bereik het, sekere besondere kenmerke en behoeftes. Metodes van stilleesonderrig moet aanpas by die besondere behoeftes van elke ouderdomsgroep waarvoor dit gebruik word.

Die standerd een- en twee-leerlinge staan aan die vooraand van 'n baie belangrike ontwikkeling in hulle denkvermoë. Hulle het so pas die stadium van aanvangslees agter die rug. Hulle luisterbegrip is nog beter as hulle leesbegrip, daarom sal luisteroefeninge nog nuttig wees. Oogbewegings het by hierdie groep nog nie 'n okulêr-motoriese gewoonte geword nie, daarom kan spoedoefeninge nog nuttig gebruik word. Begripsoefeninge word geleidelik ingevoer. Leerlinge in hierdie ouderdomsgroep is nog nie ryp vir waarderend lees nie, hoewel hulle geleidelik geoefen moet word om mooi woorde, uitdrukkings en idiome op te merk.

Die standerd drie- en vier-leerlinge het nie meer behoefte aan meganiese oefeninge nie. Spoedoefeninge kan egter nog gegee word met die oog op moontlike vertraagde ontwikkeling by sommige leerlinge. Die denkontwikkeling is baie snel, geslagsverskille word merkbaar, terwyl daar 'n groot behoefte aan taalkennis is. Luisteroefeninge kan nuttig gebruik word om vermiste woorde, sinonieme, antonieme en uitdrukkings te soek. Besondere aandag moet egter aan begripsoefeninge gegee word. Begripsoefeninge vir hierdie ouderdomsgroep is so opgestel dat die leerlinge dikwels die geleentheid kry om hulle woordkennis te toets, maar ook probleme op te los, onsinnighede op te spoor, spreekwoorde te vind, vrae te vra en te beantwoord, betekenisse van sinne te gee en sinne en sinsonderdele reg in te span. Hierdie leerlinge is al gevorderd genoeg om mooi beskrywings, raak tiperings an ander taalskoonhede op te merk.

Stilleesoefeninge moet gedurende die vyfde standerd op begripsvorming toegespits word, omdat die denkvermoë duidelike tekens van abstraksie toon en daar dan 'n groot behoefte aan taalkennis bestaan. Die meganiese aspek van die leesvermoë het al die stadium van volwassenheid bereik. Leerlinge van hierdie ouderdomsgroep sal baie baat vind by oefeninge waarin die abstraksievermoë geoefen word. Daarom dat parafrases, uittreksels, telegramme, opsommings en begripstoetse waar die hoofgedagte van 'n leesstuk weergegee word, nuttige oefeninge sal wees. Leerlinge van hierdie ouderdomsgroep sal baat vind by boeke wat nuttige informasie bevat. Hulle behoort ook aangemoedig te word om boeke van 'n letterkundige aard te lees en te soek na skoonheid van taal en uitdrukking.

Die doel van hierdie reeks oefeninge is om die

leerlinge in staat te stel om dit wat hulle lees, te ver
staan en te waardeer. Daarom dat hierdie oefeninge besk
moet word as 'n middel om die begripsvermoë van die lee
linge stelselmatige te ontwikkel, en nooit 'n doel op
sigself moet wees nie.

ooooooOoooooo